# BOEREREAKSIE OP BRITSE BESTUUR IN TRANSVAAL, 1877—1880: 'N GRONDWETLIKE ONAFHANKLIKHEIDSTRYD

**Louis Scott**
*Pietersburgse Hoërskool*

Op 4 Januarie 1877 het sir Theophilus Shepstone die Transvaalse grens oorgesteek, en op 20 Januarie het hy Pretoria met sy 25 berede polisiemanne binnegery. By hom het hy 'n koninklike lasbrief gehad met die opdrag om die Zuid-Afrikaansche Republiek te annekseer indien hy sou vind dat die inwoners, of 'n voldoende deel van hulle, Britse onderdane wil word.

As gewese Sekretaris van Naturellesake in Natal was Shepstone op die hoogte van toestande in Suid-Afrika. Onder die Transvalers was hy geen vreemdeling nie, hy kon hulle taal praat. Die wyse waarop hy gedurende sy reis na en ontvangs te Pretoria behandel is, het hom oortuig dat anneksasie 'n blote formaliteit sou wees.

Die toestand in die Zuid-Afrikaansche Republiek het hom in sy voorneme gesterk. Volgens inligting was die land bankrot, staatsamptenare onbesoldig, is probleme ondervind met die invordering van belasting en was die volk onderling verdeel met 'n ongewilde president aan die hoof. Dat hierdie inligting nie heeltemal oordryf is nie, blyk uit dr. E.J.P. Jorissen se opmerking: "Met dit volk is het eene hoopelooze onderneming den schijn van een staat op te houden."[1]

Pogings deur die Transvaalse regering om Shepstone in sy anneksasievoorneme te stuit, het misluk, en op 12 April 1877 is die anneksasieproklamasie op Kerkplein voorgelees. Om die Boerereaksie op die anneksasie duideliker in perspektief te sien, is dit nodig om die redes vir anneksasie asook die anneksasiebeloftes kortliks na te gaan.

Volgens die proklamasie het die Z.A.R. sedert sy vrywording in 1852 nie aan die Britse verwagtinge voldoen nie. Die land kon nie ontwikkel tot die staat van vrede en vriendskap wat Brittanje in belang van Natal en die Kaapkolonie nodig geag het nie. Die burgers is ontevrede en verdeel; burgeroorlog is naby. Die interne swakheid van die land het aanleiding tot oorloë met Swart stamme gegee. Dít, veral die Sekhukhune-oorlog, het die prestige van die Witman in Suid-Afrika geskaad. Die staat is bankrot, en die enigste oplossing vir al hierdie probleme is om die gebied te annekseer.

In die proklamasie is die volgende beloftes gemaak: Die Transvaal sal bly voortbestaan onder 'n aparte regering met sy eie wette en wetgewende gesag. Daar sal nie teen die Hollandse taal gediskrimineer word nie, en al die wette wat op 12 April 1877 van krag is, sal gehandhaaf word totdat 'n bevoegde wetgewende gesag wysigings aanbring.

Die onmiddellike Boerereaksie op die anneksasie laat 'n mens stom. 'n Vreemde land neem hulle vryheid weg met 25 polisiemanne, en buiten die protes van president T.F. Burgers waarin Brittanje versoek word om die anneksasie te laat vaar en die vermelding van 'n kommissie (later: deputasie) wat na Europa sal gaan om die vryheid van Transvaal terug te kry, was daar geen tekens van daadwerklike verset nie. *The Natal Witness* kon nie sy verbasing verberg nie en som die situasie goed op: "The Boers have greatly disappointed their friends, and, to say the least of it, their courage has not shown up to their advantage. On every side the cry was: 'Wait, you have not seen the

S.P. Engelbrecht — versameling (Nederduits Hervormde Kerk-Argief) X/8 nr. 3: Memorandum van dr. E.J.P. Jorissen, p.4.

Boers as I have seen them, and I know them well; they will shed the last drop of their blood before they will allow the English to come and take their country.' We have waited. We prepared, but they have not turned up."[2]

Terwyl dit tog duidelik is dat die Boere nie in die anneksasie berus het nie,[3] moet 'n motivering gesoek word vir die passiewe houding net na die anneksasie.

Die toestand in Transvaal was van so 'n aard dat dit selfmoord sou gewees het om die toevlug tot geweld te neem. Die volk was in 1877 polities verdeel, onvoorbereid en nie in staat om die wapens teen Brittanje op te neem nie.

Die Boer van die negentiende eeu was 'n komplekse karakter. Hy was geestelik geïsoleer met 'n oordrewe indiwidualisme en 'n misplaaste selfstandigheidsgevoel. Daar was geen sprake van eendrag of 'n samehorigheidsgevoel nie — en dus ook nie van nasionalisme nie. Ander faktore het ook meegehelp dat die Boerereaksie stadig momentum gekry het. Die ongewildheid van president T.F. Burgers en die gebrek aan 'n algemeen aanvaarde leier na die dood van die tradisionele Voortrekkerleiers het hulle hulpeloos gelaat. Kommunikasiemiddele was gebrekkig; vanweë die Sekhukhuni-oorlog was die kommandostelsel in diskrediet. Dit was net ondenkbaar om met Groot-Brittanje swaarde te kruis.[4]

Dit bring ons by die laaste motivering vir die oënskynlike aanvaarding van die anneksasie. Die Boere het hulle berus by die Uitvoerende Raadsbesluit van 11 April 1877. Hulle was oortuig dat, indien die ware feite aangaande Transvaal en die begeerte van sy inwoners aan die Britse regering kenbaar gemaak sou word, Brittanje vanself van die anneksasie sou afsien. Hulle het dus voldoen aan Burgers se versoek om hulle stil te gedra sodat geen woord of daad die sending van die Deputasie, bestaande uit S.J.P. Kruger, E.J.P. Jorissen en W.E. Bok, na Europa vrugteloos sou kon maak nie.

Vroeg in Mei 1877 het die Eerste Deputasie hulle na Europa begewe. Nadat hulle in Kaapstad 'n onsuksesvolle onderhoud met sir Bartle Frere gehad het, was hulle teen die begin van Julie in Engeland. Tydens die Deputasie se onderhoude met lord Carnarvon, die Britse Minister van Kolonies, is dit aan hulle gestel dat die anneksasie onherroeplik is. Carnarvon is in sy handeling gesterk deur 'n verslag van Shepstone, gesteun deur 'n brief van ds. Jooste, dat die anneksasie dwarsdeur die Transvaal verwelkom is. Kruger se versoek dat 'n volkstemming gehou moet word om te bepaal wat die meerderheid se gesindheid is, is deur Carnarvon verwerp. Na die Deputasie se mislukte sending na Brittanje is ook Nederland besoek, eweneens sonder tasbare resultate. Vroeg in November 1877 het hulle die terugtog aanvaar en teen Desember in Suid-Afrika aangekom.

Die volksbyeenkoms van 7 Januarie 1878, waartydens die Deputasie verslag sou doen, het 'n nuwe fase in die Boerereaksie ingelui. Oor hierdie byeenkoms te Pretoria berig Jorissen later: "Voor het eerst openbaarde zich een teken van nationalen zin, en 'n uiting van't volksgevoelen."[5]

Met groot teleurstelling moes die ongeveer duisend teenwoordige Boere aanhoor dat die Deputasie in sy sending misluk het. Die verslag wat W.E. Bok voorgehou het, het die humeure laat opvlam. Kruger se verklaring dat die Deputasie se mislukking in hoofsaak aan valse verklarings soos dié van ds. Jooste te wyte was, het min gehelp. 'n

2. *The Natal Witness*, 4.5.1877 (The Transvaal).
3. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee in die Geskiedenis van Brits-Transvaal*, pp. 12–14.
4. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, pp. 15–21.
5. S.P. Engelbrecht (red.): Onbekende Herinneringe van dr. E.J.P. Jorissen oor die Eerste Vryheidsoorlog, p. 7.

Misnoegde M.W. Vorster het verklaar dat die Deputasie nie in homself geglo het nie en die slagveld lafhartig verlaat het nog voordat die stryd begin het.

Nadat verskeie sprekers hulle ontevredenheid uitgespreek het, het M.W. Vorster vorendag gekom met 'n voorstel wat hom tot "vader van die Volkskomitee" sou stempel. Op 'n vroeëre wenk van Kruger het Vorster voorgestel dat daar 'n volkstemming aangaande die anneksasie gehou moet word. Hy stel verder voor dat die aanwesiges 'n kommissie moet benoem om die stemme op te neem. Dit was gou duidelik dat die taak van hierdie kommissie bestaande uit 15 verkose lede, verder gestrek het as bloot 'n volkstemming. Met M.J. Viljoen as voorsitter en W.E. Bok as sekretaris moes hulle leiding gee in die herverkryging van die Transvaalse vryheid.[6]

Die Pretoriabyeenkoms is opgevolg deur een in die Potchefstroomdistrik op 28 Januarie 1878 waar tussen 600 en 700 Boere hulle sterk uitgespreek het teen die Deputasie se verslag en lord Carnarvon se houding. Ook hier is 'n kommissie onder die voorsitterskap van M.W. Pretorius verkies om vir die onafhanklikheid van die volk te werk. Net soos in die geval van die Pretoriakommissie het 'n volkstemming hulle goedkeuring weggedra.

Die versetbeweging van die Boere was teen April 1878 op 'n georganiseerde grondslag geplaas. 'n Delikate probleem was in dié stadium die bestaan van twee afsonderlike kommissies met dieselfde doelstelling. Die leiers het dit besef en 'n gesamentlike vergadering waartydens die volkstemming in oënskou geneem sou word, is vir 4 April op die plaas Doornfontein gereël. Hoewel daar in geen stadium tydens dié vergadering of enige latere vergadering besluit is om amptelik te verenig nie, het dit wel in die praktyk gebeur. As 'n eenheid sou die Volkskomitee, soos hierdie verenigde verkose kommissies bekend gestaan het, poog om die Transvaal se onafhanklikheid langs 'n vreedsame weg te verkry. Met M.W. Pretorius as voorsitter, W.E. Bok as sekretaris, S.J.P. Kruger en P.J. Joubert as die twee toonaangewende leiers en 65 ander lede, sou die Volkskomitee die Boereverset in Transvaal aanvoer en inspireer.[7]

Te Doornfontein is 'n opname gemaak an die volkstemming. Daaruit was dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die land die anneksasie nie aanvaar het nie. Volgens die 157 versoekskrifte wat ingedien is, het 6591 van die 8000 stemgeregtigde burgers teenoor 587 die anneksasie van 12 April verwerp. 'n Tweede Deputasie bestaande uit S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en W.E. Bok (sekretaris) is op die vergadering aangewys om Carnarvon met die uitslag van die volkstemming te gaan konfronteer.

Die Tweede Deputasie het na Londen vertrek met vier onweerlegbare bewyse dat die anneksasie onaanvaarbaar was, nl. 'n Volksraadsbesluit van 22 Februarie 1877 waarin die handhawing van die land se onafhanklikheid bevestig is; die Uitvoerende Raadsbesluit gedateer 11 April 1877 waarin geprotesteer is teen Shepstone se voorgenome anneksasie; die protes van Burgers; en 'n memorie van protes onderteken deur 6 591 stemgeregtigde burgers. Ten spyte hiervan was ook die Tweede Deputasie se sending onsuksesvol.

In Londen is hulle deur sir Michael Hicks Beach, die nuwe Minister van Kolonies, ontvang. Dit was weer eens Shepstone wat met 'n verdraaide brief ook dié Deputasie in 'n swak lig gestel het. In die brief is o.a. Kruger afgemaak as 'n oneerlike man wat nie verdien om goed behandel te word nie. Die Deputasie het ook Nederland, Frankryk en Duitsland besoek. Hoewel die lande se regerings die Deputasie baie simpatiek gesind was, kon hulle geen daadwerklike hulp verskaf nie. Op 24 Oktober het die Tweede

---

L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, pp. 29–31.
L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, sien Bylaag I.

Deputasie die terugtog na Suid-Afrika aanvaar en in November in Durban voet aan wal gesit.

Die Tweede Deputasie het op 10 Januarie 1879 verslag gedoen tydens 'n vergadering op die plaas Wonderfontein van Jan Prinsloo in die distrik Potchefstroom. Hoewel dit eintlik 'n Volkskomiteevergadering was, is dit deur nagenoeg 1 500 Boere bygewoon. Met die uitsondering van Soutpansberg was al die distrikte goed verteenwoordig. Dit is 'n aanduiding dat die Boereverset teen die anneksasie dwarsdeur Transvaal gestrek het.[8]

Die ontvangs van Kruger en Joubert te Wonderfontein was skouspelagtig. Heel voor in die optog was 16 perderuiters gevolg deur 34 rytuie met 544 ruiters wat die agterhoede gedek het. Met die aankoms op die terrein is salvo's ter verwelkoming afgevuur. Hierna het die twee here 'n wa bestyg en van hulle sending verslag gedoen. Verskeie burgers het hulle misnoeë oor Brittanje se onversetlikheid uitgespreek. Veral sprekers soos N.J. Smit, A. Potgieter en ene Fouché het die gemoedere hoog laat loop. Die Volkskomitee het dit moeilik gehad om die burgers te kalmeer.

'n Brief van Frere aan Kruger en Joubert wat voorgelees is, het tog ook die hoop laat opvlam dat 'n vreedsame oplossing nog moontlik was. Daarin is gemeld dat die Transvaalse volk verseker kan wees van die simpatie van sowel die Britse regering as die inwoners van Groot-Brittanje en hulle begeerte om toe te sien dat geregtigheid teenoor Transvaal geskied.[9]

Vir die Boere was dit 'n uitgemaakte saak dat, indien geregtigheid sou geskied — en dit is deur Frere beloof — Transvaal sy onafhanklikheid sal terugkry. Geen wonder dat die Boerereaksie weer eens 'n gematigde wending geneem het nie. Aan die Volkskomitee is opgedra om 'n deputasie na Frere wat in Natal was, te stuur om hom in kennis te stel van die volksgevoel.

Hierdie eerste volksvergadering wat deur die Volkskomitee geïnisieer is, het alle verwagtings te bowe gegaan. Ten spyte van hewige reën en perdesiekte wat hoogty gevier het, was die opkoms oorweldigend. By hierdie vergadering het 'n nuwe geestestoestand onder die Boere na vore begin kom. Die ontevredenheid met en verset teen die anneksasie het 'n vérreikende uitwerking gehad. Die bymekaarwees van so 'n groot groep mense met dieselfde doel en ideaal het die Boer laat loskom uit sy egoïstiese individualisme en oordrewe selfstandigheidsgevoel. Hulle gemeenskaplike doel, nl. verset teen die verlies van hulle onafhanklikheid, het prioriteit nommer een geword. Die indiwidu het hom begin vereenselwig met enige uitlating wat gestrook het met die gemeenskaplike doel, en dit het van hom 'n gemeenskapsmens gemaak, 'n voorvereiste van nasionalisme.

P.J. Joubert is na Natal afgevaardig waar hy op 4 Februarie 1879 deur Frere te woord gestaan is. Soos die vorige onderhoude was ook dié een sonder sukses. Al waarin Joubert geslaag het, was om die versekering van Fere te kry dat hy so gou as moontlik Transvaal sou besoek om 'n onderhoud met die Boereleiers te voer. Op die plaas Eendracht het Joubert twee weke later aan die Volkskomitee oor die onderhoud verslag gelewer. Hierop het die Boereleiers besluit om die volk vir die koms van Frere op te roep. Aangesien die plaas Kleinfontein van Jan Meyer, langs die grootpad tussen Durban en Pretoria geleë was, sou die Boere op 18 Maart daar byeenkom. Frere moes met sy eie oë sien dat die meerderheid van die Transvalers die anneksasie verwerp.

Die Boereverset teen die Britse bestuur in Transvaal het van krag tot krag

8. Bijvoegsel tot *De Volksstem*, 18.1.1879 (Verslag van de Vergadering op Wonderfontein, 10.1.1879).
9. Boerevoorname band 36 : Frere-Kruger en Joubert, Desember 1878, pp. 7–8.

gegroei. Waar die Wonderfonteinse demonstrasievergadering van Januarie deur 1 500 persone bygewoon is, het die getal by die Kleinfontein-vergadering tot 4 000 aangegroei. Tydens die vergadering het die Volkskomitee wat geheel en al beheer oor die Boereverset begin neem het, sy stempel deeglik afgedruk. Aangesien die volk byeengekom het om 'n heilige ideaal te verwesenlik, het die Volkskomitee geen wanorde geduld nie. Dit was veral Piet Joubert wat na vore getree het as die sterk arm van die Volkskomitee in die handhawing van orde.[10]

Aanvanklik sou Frere die Boerekamp op 18 Maart besoek. Die Zoeloe-oorlog in Natal en wat daaruit voortgespruit het, het dit vir hom onmoontlik gemaak om hom by die datum te hou. Intussen het die Boereleiers hulle tot sir Owen Lanyon gewend. Lanyon wat op 4 Maart 1879 in die plek van Shepstone as administrateur van Transvaal aangestel is, het op Maandag 24 Maart 'n Boereafvaardiging van 18 lede te woord gestaan.

Lanyon het 'n groot gebrek aan insig in die ware aard van die Boerereaksie aan die dag gelê. Na drie ure is die samesprekings plotseling beëindig. Sonder om te groet het die Boere die tent verlaat en teruggekeer na hulle kamp. Eers teen 10 April 1879 het Frere sy opwagting in Transvaal gemaak. Hy is sonder vreugde of eerbewys kil ontvang. By verskeie geleenthede het die leiers van die Boereverset met hom onderhandel. Die samesprekings van 12 April, net buite Pretoria, het presies 2 jaar na die anneksasie plaasgevind. Die versoek van die Volkskomitee om die herstel van die Transvaalse onafhanklikheid dié dag was sy negende amptelike versoek in dié verband. Frere se weiering om aan die versoek gehoor te gee, het ook die negende poging van die Volkskomitee laat skipbreuk ly.[11]

Tydens die onderhandelings van 16 en 17 April het die Boere 'n memorie aan Frere voorgelê, en hy is versoek om dit aan die Britse regering te stuur. In die memorie is kortliks die volgende riglyne neergelê: die meerderheid van die bevolking was teen anneksasie gekant: die volk verwag dat die anneksasie herroep moet word; die volk sal met niks minder tevrede wees as die herstel van hulle onafhanklikheid nie, en daar sal na die herstel van hulle onafhanklikheid gepoog word om tot voordeel van Suid-Afrika in noue verbinding met die Britse kolonies te bly.

Na die mislukte onderhandelings van 12 April is aan die volk opgedra om per memorie uitsluitsel te gee oor die weg wat die Volkskomitee moes inslaan. Die uitslag van die 29 ingestuurde memories het aan die lig gebring dat 154 burgers ten gunste van lydelike verset was, 219 het hulle uitgespreek vir wapengeweld en 1 137 burgers het te kenne gegee dat hulle hul in die leiding van die Volkskomitee berus.

Tydens hierdie vergadering het die Transvalers hulle vir die eerste keer tot hul vriende in die Vrystaat en Kaapkolonie gewend en om ondersteuning gevra. Die vryheidstryd was nie meer beperk tot net Transvaal nie. Die Boereverset in Transvaal het daartoe begin lei dat vele Afrikaners in Suid-Afrika hulself begin vind het as 'n deel van 'n groot groep mense met dieselfde verwantskap en belange.

In die maande na die volksvergadering het die Boereleiers 'n hele aantal vergaderings gehou. Die toestand in Transvaal het kritiek begin word; die aandrang op gewapende verset het daagliks toegeneem. Dit was van die uiterste belang dat die leiers van die versetbeweging deeglik op die hoogte moes wees van gebeure. Nie minder as 5 vergaderings is tussen Junie en Oktober 1879 gehou nie: op 7 Junie by Stompoors-

10. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, p. 79.
11. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, p. 88.

fontein, 10 en 11 Julie by Zwartkop, 4 Augustus te Pretoria, 24 September op Eendracht en 27 Oktober by Pretoria.[12]

Hierdie tydperk het saamgeval met die koms van sir Garnet Wolseley. Wolseley sou — in sy nuutgeskepte pos as Goewerneur vir Transvaal en Hoë Kommissaris vir sowel Transvaal as Natal — met ongekende ywer en doelgerigtheid poog om die Boereverset te demp. In hierdie poging sou hy onsuksesvol wees. Sy teenparty bestaande uit die oorgrote meerderheid van die Transvaalse blanke inwoners, was nie meer die indiwidualistiese, eiesinnige en onverantwoordelike Boere van 12 April 1877 nie. Eensgesindheid en 'n liefde vir land en volk het geleidelik begin uitkristalliseer. Hierdie keer sou daar nie weer soos in 1836 getrek word nie — die verlore vaderland moes teruggekry word. Wolseley se optrede en die nuwe vasberadenheid van die Boere was onversoenbaar. Konfrontasie was onvermydelik.

Hoewel die Volkskomitee se leiding in April 1879 per mosie bevestig is, het die beginsel van sy beleid van lydelike verset vinnig begin kwyn. Dit was veral die ammunisiebuitery deur die Boere wat lydelike verset in die weegskaal geplaas het. *De Volksstem* berig soos volg daaroor: "De verder ziende leiders der beweging, aan wie het tot nu toe gelukt is den storm te bedwingen, beginnen hun invloed te verliezen op de groote menigte."[13]

Toe die Britse regering hulle memorie onbeantwoord laat, is daar tot 'n volgende vergadering besluit. Die volksvergadering van 10 Desember 1879 het die hoogtepunt gevorm van die versetbeweging sedert April 1877. Meer as 6 000 Boere was 'n week lank op die plaas van Jan Prinsloo, Wonderfontein, byeen. In dié stadium was die Boereweerstand reeds goed georganiseer. Sowel die voorbereidsels vir die vergadering as die vergadering self is 'n toonbeeld daarvan. In groot georganiseerde groepe van oor die hele Transvaal het die Boere hulle opwagting gemaak. Ook die leiers het dae voor die vergadering aan huis van dr. E.J.P. Jorissen vergader en die nodige voorbereidsels getref. Die orde wat tydens die kamp geheers het, het getuig van eendrag en doelgerigtheid.

Die agtergrond waarteen die volksvergadering plaasgevind het, word soos volg deur Jorissen uitgebeeld: "Wij kunnen dus niet meer tot Engeland spreken. Er is niemand die ons antwoodt. "[14] Die tyd van dialoog en versoekskrifte was teen Desember 1879 iets van die verlede. 'n Ander weg waarlangs hulle onafhanklikheid verkry kan word moes op die vergadering gevind word.

*De Volksstem* het die intensiteit van die verset onder die Boere raak uitgebeeld: "De geest onder het volk is regt oproerig; het zal zwaar werk voor het Comité zijn ditmaal."[15]

Dit was Paul Kruger wat deurgaans gepoog het om 'n kalmerende en versoberende invloed oor die hoogs onstoke en opgewonde menigte uit te oefen. Die Volksbesluit van Maandag 15 Desember toon duidelik dat die Boer gereed was om vir sy vaderland te sterf. In breë trekke het die besluit daarop neergekom dat, aangesien Brittanje nie gehoor gee aan hul roepstem nie, die volk van die Z.A.R. besluit het om self stappe te neem. Hulle ontken dat hulle ooit Britse onderdane was en besluit dat die Republikeinse regering van 1877 wie se werksaamhede so lank gestaak is, so spoedig moontlik weer ingestel word.

12. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, pp. 103—108.
13. *De Volksstem*, 28.10.1879 (De Toestand van het Transvaal).
14. Aangehaal in L.S. Kruger: *Die rol van dr. E.J.P. Jorissen in die Geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 124.
15. De Volksstem, 16.12.1879 (De Boerenbyeenkomst).

Aangesien daar heelwat tyd nodig sou wees om maatreëls te tref om die ou regering weer op te rig, is besluit om die volgende volksvergadering op 6 April 1880 op die plaas Paardekraal by die huidige Krugersdorp te hou waar die Zuid-Afrikaansche Republiek herstel sou word.

Wolseley het op die Volksbesluit gereageer deur M.W. Pretorius en W.E. Bok, die voorsitter en sekretaris van die Volkskomitee, te laat arresteer. Dit het geensins die Boere tot inskiklikheid geskok nie. Verontwaardiging en verset teen die Britse bewind in Transvaal was die vrugte wat Wolseley gepluk het. Dit was slegs deur die toedoen van Paul Kruger dat 300 gewapende burgers onder P.A. Cronje nie Pretorius met geweld uit die tronk gaan haal het nie. Hulle is ewenwel losgelaat.

Die vergadering van 6 April 1880 sou egter nooit plaasvind nie. Die rede is die politieke situasie in Brittanje. Die Liberale Party onder leierskap van W.E. Gladstone sou alles in sy vermoë doen om die bewind met die 1880-verkiesing by die Konserwatiewe Party oor te neem.

Een van hulle verkiesingskrete was dat die Transvaalse anneksasie onregverdig was en dat die gebied se onafhanklikheid herstel moes word. Hierdie verwikkelinge in die Britse politiek het baie gou sy invloed op die Transvaalse vryheidsbeweging laat geld. Daar is gehoop dat die Transvaalse onafhanklikheid deur die Gladstone-bewind herstel sal word.

Vier dae lank, vanaf 8 tot 11 Maart 1880, het die Volkskomitee op die plaas Wonderfontein die nuwe verwikkelinge bespreek. Eerstens is besluit dat die moontlikheid van 'n vreedsame oplossing nog in sig is, en om dié rede die vergadering van 6 April tot latere kennisgewing uit te stel. Tweedens is 'n deputasie bestaande uit Kruger en Joubert afgevaardig om die Transvaalse saak in die Kaap te gaan stel. Dit was met die oog op sir Michael Hicks Beach se konfederasiewetsontwerp wat in Junie in die Kaapse parlement ter tafel gelê sou word. As dié sou deurgaan sou dit met die Transvaalse onafhanklikheid verby wees.

Indien die Deputasie na Kaapland daarin kon slaag om hierdie wetsontwerp te help verongeluk, sou dit vir enige Britse regering duidelik wees dat 'n gedwonge federasie nie kon slaag nie. Met die federasie van die Suid-Afrikaanse kolonies van die baan het die Volkskomitee gehoop dat Brittanje van die anneksasie sou afsien en die onafhanklikheid van Transvaal sou herstel.

Die Deputasie was suksesvol in sy werksaamhede. In die Paarl, op Worcester, Clanwilliam, Graaff-Reinet en verskeie ander dorpe was die verwelkoming oorweldigend. Verskeie adresse is tot hulle gerig, en daar was algemene simpatie met die Transvaalse saak. Die kroon is gespan toe die Kaapse Eerste Minister, sir Gordon Spring, op 26 Junie verplig was om die konfederasievoorstelle terug te trek om 'n algehele neerlaag te voorkom.

Intussen was dit 'n verheugde Transvaalse volk wat van Gladstone se bewindsoorname op 23 April 1880 verneem het. Op 10 Mei het Kruger en Joubert namens die Volkskomitee Gladstone in 'n skrywe aan sy beloftes herinner.

In Brittanje het sake egter 'n ander wending geneem. Net soos die Konserwatiewe regering sou die Liberale regering sy beleid jeens Transvaal teen die breë agtergrond van 'n verenigde Suid-Afrika formuleer. Dit was hoofsaaklik verdraaide inligting wat deur Frere en Wolseley aan die Koloniale Kantoor gestuur is wat die nuwe regering tot 'n ander koers beweeg het. Gladstone se brief waarin die Transvalers meegedeel is dat die status quo gehandhaaf sou word, het tot die laaste en finale fase in die versetbeweging gelei.

Op 14 September 1880 het die Deputasie na Kaapland aan die Volkskomitee

verslag gedoen. Tydens hierdie vergadering te Kliprivier is besluit om die volksvergadering wat op 6 April sou plaasvind en uitgestel is, te belê vir 8 Januarie 1881 op die plaas Paardekraal. Volgens J.F. van Oordt sowel as Paul Kruger is tydens die vergadering ook besluit om in die geheim te begin voorberei vir 'n oorlog deur die versameling en opberging van wapens en ammunisie.[16]

Die Boereleiers was dit eens dat die tyd van lydelike verset verby is, want dié was "ydelike verset". Die Transvaalse volk was gereed om die uiterste prys vir hul vryheid te betaal. Teen die einde van 1880 het die belangrikste vereistes van volk-wees naamlik 'n bewuste nasionale gevoel reeds vas en onvervreembaar deel van die geestesgesteldheid van die Transvaler geword.

Verskeie faktore het meegewerk om die Transvaalse Afrikaners tot 'n nasionale eenheid saam te smee. Daar was die ontevredenheid met die Britse regering, Shepstone se onvervulde anneksasiebelofte, die bewese onvermoë van die Britse Regering om die bevolking te beskerm, Brittanje se onvermoë om die nie-blankegevaar die hoof te bied en die brandende wete dat Transvaal onder valse voorwendsels geannekseer is. Soos 'n klein vuurtjie deur 'n wind voortgedryf word tot 'n verwoestende en onkeerbare veldbrand, is die Boereverset teen die Britse bestuur in Transvaal aangeblaas.

Die ongevraagde en ongewilde Britse bewind het die Boere laat besef wat hulle verloor het. Dit is verder aangewakker deur die Britse inwoners van Transvaal self. Die Boere is gespot dat hulle te lafhartig is om te veg. Die Boere se reaksie hierop is ondermeer soos volg verwoord: "Laten zij in Godsnaam voorzichtig zijn, want als zij ons tergen dan zullen zij het ondervinden."[17]

Die gevoel van verbittering, die besef van die onreg wat hulle aangedoen is en die gemeenskaplike doelwit wat daar vir die Boere was, het die Transvalers tot 'n hegte eenheid saamgesmee. Die aandeel van die volksvergaderings in die vorming van hierdie eenheidsgevoel onder die Transvalers is onoorskatbaar. Nie net het dit die individu bewus gemaak van sy groepsgebondenheid nie; dit was ook inderdaad 'n krygskool waar die Boer sy militêre opleiding gekry het.[18]

Terwyl daar in die ou Republikleinse tydperk altyd 'n noue verband tussen volk en regering was, het daar met die anneksasie iets soos onthoofding plaasgevind. 'n Nuwe "hoof" (regering) is op die liggaam (volk) geplant, 'n hoof wat anders gedink, anders opgetree en tot die voordeel van 'n ander "persoon" (Engeland) gehandel het. Daar was 'n gebrek aan koördinasie tussen die "brein" (hoof/regering) en die spiere (liggaam/volk), en die "liggaam" wou, om weer normaal te kan funksioneer terugkry wat hy verloor het. In werklikheid was die Volkskomitee 'n staat binne 'n staat.

Onwillig om die werklik kritieke toestand in Transvaal raak te sien, het Lanyon en Wolseley aan Brittanje berig dat alles onder beheer is. Selfs die belastingkwessie wat dwarsdeur Transvaal begin hand-uit ruk het, is geïgnoreer. Dit sou egter juis die faktor wees wat die lydelike verset onder die Boere tot geweldadige verset omskep het.

Op 7 Oktober 1880 het 'n honderdtal Potchefstroomse Boere onder leiding van P.A. Cronjé Potchefstroom binnegery en aan landdros Goetz 'n skrywe oorhandig. Daarin het hulle hul bereid verklaar om te eniger tyd belasting aan die wettige regering te betaal. Aangesien hulle nie die huidige regering erken nie, sou hulle slegs onder protes belasting betaal. Hulle het aangedring op kwitansies waarin duidelik vermeld

16. J.F. van Oordt : *Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 299; H.C. Bredell en P. Grobler : *Gedenkskrifte van Paul KRuger*, p. 78.
17. S.P. Engelbrecht — versameling (Nederduits Hervormde Kerk-Argief) X/9 nr. 4: Mev. Jorissen — seun; 3.6.1879.
18. L. Scott: *Die rol van die Volkskomitee...*, pp. 159 - 160.

moes word dat die belasting onder protes betaal is, en dat die geld bewaar en later aan die wettige regering oorhandig sou word.

Goetz het geweier om enige belasting op dié voorwaarde te ontvang en in opdrag van die administrasie in Pretoria dagvaardigings uitgestuur. Pieter Bezuidenhout, 'n direkte nasaat van die Bezuidenhouts van die Slagtersnekrebellie, was een van die eerste persone wat betrokke was.

Hy het dit gerade geag om die verskuldigde bedrag van £14 te betaal, maar het geweier om die onkostes (£13 5s) ook te vereffen. Daarop het Moquette, die balju, op sy wa beslag gelê. Van die veiling op 11 November het nie veel gekom nie. Met 'n kommando van 100 man het P.A. Cronjé op die toneel verskyn, Moquette van die wa af verwyder, en die wa na Bezuidenhout teruggeneem.

Vir Lanyon was dit maar net 'n herhaling van wat ook in ander distrikte plaasgevind het waar daar nie Britse magte beskikbaar was nie. Vir hom was dit geen kritieke gebeurtenis nie, maar hy het tog besluit om sulke optrede stop te sit en het lasbriewe laat uitreik vir die inhegtenisname van o.a. Cronjé.

Donker oorlogswolke het oor Transvaal saamgepak. Aan die Boerefront het sake 'n ander wending geneem as wat Lanyon verwag het. Direk na die episode van 11 November het Cronjé vir Bezuidenhout en 'n ander Boer na Boekenhoutfontein gestuur om Kruger te gaan haal. Kruger wat die erns van die saak begryp het, het hom na Potchefstroom gehaas. Op die plaas Elandsfontein het hy tussen 700 en 800 hoogs ontstoke Boere aangetref. In die uur van nood het Kruger hom onderskei as die toonaangewende leier in die Boereverset. In die afwesigheid van M.W. Pretorius het die Volkskomitee onder die voorsitterskap van Kruger vergader en besluit om die volksvergadering van 8 Januarie 1881 te vervroeg na 8 Desember 1880.

Maandag 29 November het 'n afvaardiging van die Volkskomitee met die Koloniale Sekretaris van Transvaal, George Hudson, samesprekings gevoer. Die Boereleiers het deurgaans daarop gewys dat die Britse regering in Transvaal die oorsaak van die onrus was. Die belastingkwessie is verkeerd gehanteer, terwyl die Britse troepe wat inderhaas na Potchefstroom gestuur is, die gemoedere net hoër laat opvlam het. Hudson is onverrigter sake terug Pretoria toe.

Die plaas Paardekraal langs die grootpad tussen Potchefstroom en Pretoria was 'n strategiese plek vir die volksvergadering. Tussen 8 000 en 10 000 vasberade Boere het hulle op 8 Desember vir die laaste keer tydens die Britse tussenregering na 'n volksvergadering gehaas, om vier maande later as die oorwinnaars terug te keer huis toe. Onder die leiding van die Volkskomitee het die Boere hulle begin voorberei vir oorlog. Reeds op 10 Desember het hulle veldkornette verkies. Op aanbeveling van Jorissen is die nodige maatreëls vir die regeringsoorname aangevoor en is besluit om na 'n meer strategiese standplaas, naamlik Heidelberg, te versit. Dit sou die tydelike hoofstad wees waar die eensydig herstelde Boereregering sou setel.

Op 11 Desember het die volk sy dank en waardering vir die werk van die Volkskomitee uitgespreek. Opdrag is gegee dat die Volksbesluit van 15 Desember 1879 uitgevoer moet word. Kruger is dieselfde dag as vise-president van die Z.A.R., amptelik versoek om die regering oor te neem.

Op 12 Desember 1880 is Transvaal onder die beheer van die Driemanskap — S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius — geplaas. Onder die bekwame leiding van die Volkskomitee is die eens erg verdeelde Transvalers tot 'n hegte en georganiseerde eenheid omvorm. Die Driemanskap kon met militêre stappe voortgaan om die land se onafhanklikheid terug te kry in die wete dat hulle die onverdeelde en gedetermineerde steun van minstens 8 000 Boere agter hulle het.